


# 10DE MAAND REEKS

# Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

Sondag 30 November 2025
Tema: **'n Lewensstyl van vrygewigheid**

**INLEIDING:**

'n Reis van **nege weke** om te ontdek wat dit werklik beteken om te gee – nie net finansieel nie, maar van **ons tyd, ons gawes en ons besittings.** Hierdie reeks, *"Gawes wat Lewe Bring"*, neem ons stap vir stap deur die Bybelse beginsels van vrygewigheid en help ons verstaan dat gee **'n leefstyl van geloof en vertroue in God** is.

Elke week sal ons fokus op 'n spesifieke aspek van gee: van die besef dat alles wat ons het aan God behoort, tot hoe ons ons tyd, talente en finansies kan gebruik om ander te seën en die Koninkryk van God te bou. Ons sal ook weekliks **konkrete uitdagings hê,** sodat ons nie net hoor en leer nie, maar ook prakties kan leef en ervaar wat dit beteken om vrygewig te wees.

Die doel is dat ons as gemeente nie net finansieel vrygewig is nie, maar dat ons **hart, hand en lewe** geanker word in die gees van gee wat lewe bring – vir ons, vir ander en vir God se koninkryk.

Kom saam met ons op hierdie reis en ontdek hoe **julle gawes lewe kan bring** in die wêreld rondom julle.

**Verloop**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

Tree in vir mense in nood, vir die gemeente en vir mekaar.

3. **Gestuur**

Maak 'n Kerspakkie op en stuur dit vir julle stuursel.

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**

Sondag 30 November 2025
Tema: **’n Lewensstyl van vrygewigheid**

10de maand
GAWES wat LIG en LEWE Bring

## Skrif:

**Teks:**
**Romeine 12:1–2**

1 En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee
julleseself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike
van die godsdiens wat julle moet beoefen. 2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk
word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan
onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

**Sleutelgedagte:**

- Gee word ’n lewenshouding – van hart, hand en besittings. Ons lewe word ’n lewende offer van liefde

God vra baie beslis my gawes, talente en besittings, maar baie meer nog (soos gelykenis van Farriseer en Tollenaar) vra God my lewe, my hart, my alles – soos Hy Sy alles gegee het.

Hoe gee ek myself as lewende offer vir God? (:1)
*Notas*

Waarom is dit nodig dat God my denke vernuwe (:2)
*Notas*

Lees ook:

- **2 Korintiërs 9:8**

[8] En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.

Wat leer ons uit hierdie vers in 2 Korintiërs?

*Notas*

**Konkrete daad:**

- Spandeer 'n aand om as gesin of vriendelike groep iets vir iemand te doen sonder vergoeding (bakkies skoonmaak, kos voorberei, ens.) Dalk kan julle in die Kersfees atmosfeer saam iets spesiaal vir iemand doen of gee.

**Gebed**

Jesus Christus, ons aanbid U, heilig is U Naam. Ons verhoog U, ons vereer U - wat U lewe as offer vir ons gegee het aan die kruis.

Vandag kom gee ek opnuut my gawes, my tyd, my denke, my hele lewe vir U.